

Vooraflees

Lees die volgende aandagtig deur wat vir jou agtergrond sal gee oor die Gedig “Vir Sara Baartman”

Sara ‘Saartjie’ Baartman was born in 1789* at the **Gamtoos river** in what is now known as the **Eastern Cape**. She belonged to the cattle-herding Gonaquasub group of the Khoikhoi. Sara grew up on a colonial farm where her family most probably worked as servants. Her mother died when she was aged two and her father, who was a cattle driver, died when she reached adolescence. Sara married a **Khoikhoi** man who was a drummer and they had one child together who died shortly after birth.

Due to colonial expansion, the Dutch came into conflict with the Khoikhoi. As a result people were gradually absorbed into the labour system. When she was sixteen years old Sara’s fiancé was murdered by Dutch colonists. Soon after, she was sold into slavery to a trader named Pieter Willem Cezar, who took her to Cape Town where she became a domestic servant to his brother. It was during this time that she was given the name ‘Saartjie’, a Dutch diminutive for Sara.

On 29 October 1810, Sara allegedly ‘signed’ a contract with an English ship surgeon named William Dunlop who was also a friend of Cezar and his brother Hendrik. Apparently, the terms of her ‘contract’ were that she would travel with Hendrik Cezar and Dunlop to England and Ireland to work as a domestic servant, and be exhibited for entertainment purposes. She was to receive a ‘portion of earnings’ from her exhibitions and be allowed to return to South Africa after five years. Two reasons make her ‘signing’ appear dubious. The first is that she was illiterate and came from a cultural tradition that did not write or keep records. Secondly, the Cezar families experienced financial woes and it is suspected that they used Sara to earn money.

Sara Baartman’s large buttocks and unusual colouring made her the object of fascination by the colonial Europeans who presumed that they were racially superior. Dunlop wanted Sara to come to London and become an oddity for display. She was taken to London where she was displayed in a building in Piccadilly, a street that was full of various oddities like “the ne plus ultra of hideousness” and “the greatest deformity in the world”. Englishmen and women paid to see Sara’s half naked body displayed in a cage that was about a metre and half high. She became an attraction for people from various parts of Europe.

During her time with Dunlop and Hendrik Cezar, the campaign against slavery in Britain was in full swing and as a result, the treatment of Baartman was called into question. Her “employers” were brought to trial but faced no real consequences. They produced a document that had allegedly been signed by Sara Baartman and her own testimony which claimed that she was not being mistreated. Her ‘contract’ was, however, amended and she became entitled to ‘better conditions’, greater profit share and warm clothes.

After four years in London, in September 1814, she was transported from England to France, and upon arrival Hendrik Cezar sold her to Reaux, a man who showcased animals. He exhibited her around Paris and reaped financial benefits from the public’s fascination with Sara’s body. He began exhibiting her in a cage alongside a baby rhinoceros. Her “trainer” would order her to sit or stand in a similar way that circus animals are ordered. At times Baartman was displayed almost completely naked, wearing little more than a tan loincloth, and she was only allowed that due to her insistence that she cover what was culturally sacred. She was nicknamed “Hottentot Venus”.

Her constant display attracted the attention of George Cuvier, a naturalist. He asked Reaux if he would allow Sara to be studied as a science specimen to which Reaux agreed. As from March 1815 Sara was studied by French anatomists, zoologists and physiologists. Cuvier concluded that she was a link between animals and humans. Thus, Sara was used to help emphasise the stereotype that Africans were oversexed and a lesser race.

Sara Baartman died in 1816 at the age of 26. It is unknown whether she died from alcoholism, smallpox or pneumonia. Cuvier obtained her remains from local police and dissected her body. He made a plaster cast of her body, pickled her brain and genitals and placed them into jars which were placed on display at the *Musée de l’Homme (Museum of Man)* until 1974. The story of Sara Baartman resurfaced in 1981 when Stephen Jay Gould, a palaeontologist wrote about her story in his book *The Mismeasure of Man* where he criticised racial science.

Following the **African National Congress (ANC)**’s victory in the South African elections, President **Nelson Mandela** requested that the French government return the remains of Sara Baartman so that she could be laid to rest. The process took eight years, as the French had to draft a carefully worded bill that would not allow other countries to claim treasures taken by the French. Finally on the sixth of March 2002, Sara Baartman was brought back home to South Africa where she was buried. On 9 August 2002, Women’s Day, a public holiday in South Africa, Sara was buried at Hankey in the **Eastern Cape** Province.

*Note: Sources argue over the exact date of Baartman’s birth but most sources mention the year as 1789.

Bron: South African History on line

Dis finaal ... Saartjie Baartman kom huistoe!!!

Jason Lloyd

Ek onthou nog goed toe ek maar net 'n klein seuntjie was, hoedat ek altyd gestaar het na die kiekie van Saartjie Baartman — die sogenoemde “eksotiese Venus.”

Min het ek geweet — hierdie is 'n ikoon uit eie reg. Maar dis seker te verstane dat ek nie geweet het nie. Want kyk, sy het glad nie soos die ware mensdom gelyk waaraan ek op daardie stadium gewoond was nie.

Ek onthou nog goed hoe ons geskater het van die lag. “Wow, maar sy lyk snaaks. Waarom lyk sy so snaaks?” het van my maats altyd gevra.

Een van my maats wie se van toevallig ook Baartman is, wou glad niks weet dat hy familie van Saartjie was nie. En spot jy hom, was hy altyd gou kwaad en wou net appels swaai.

Min het ek geweet dat sy op 'n manier maar familie van ons almal is. Dit was eers later, toe my kinderdag vergete was, dat ek beseft het: hierdie is 'n merkwaardige vrou. Sy is 'n afstammeling van my voorouers; sy is 'n bloedverwant; en inderdaad — 'n ware familielid.

Maar wie is hierdie vrou, wat nou ná amper 200 jaar beskou word as 'n nasionale simbool? Die geskiedenis vertel 'n treurige, plek-plek bisarre, verhaal. Ja, bykans twee eeue gelede was sy toenemend 'n simbool van verknegting en verdrukking vir die inheemse volkere van Suid-Afrika, en van feminisme.

Geskiedkundiges is dit eens dat sy om en by 1789 in die Gamtoosvallei in die Oos-Kaap gebore is. Ja, hier in my kontrei, somer net hier anderkant. Sy het glo later uitgewyk na die Kaapse Skiereiland.

Daar aangeland, toe het haar ongewone uitstaande agterstewe, oftewel steatopigie, somer dadelik die oog van kolonialiste vang. Ook haar vergrote geslagsdele het die nuuskierigheid van veral Westersinge vergroot.

Lank voor Saartjie se aankoms in die Kaap is daar reeds vuilstories van die gemeenskap versprei. Met Jan van Riebeeck se koms na die Kaap in 1652 is sulke vuilstories geboekstaaf. Johan Nieuhof skryf in 1654 dat hulle “luier is as die skilpaaie waarop hulle jag maak en eet”.

Twee broers, Hendrik en Johan Cezar, glo van gemengde afkoms, het die Khoi-vrou aan 'n Britse skeepsdokter, William Dunlop, voorgestel. Dunlop het Saartjie oorreed om saam Europa toe te gaan, waar sy kwansuis 'n fortuin sou verdien deur haar liggaam ten toon te stel. In Londen en in Parys is sy egter onderwerp aan 'n onmenslike vernedering.

Sy is onder meer op sirkusse saam met diere ten toon gestel. Vir die Westerse volk was Saartjie die laagste vorm van menswees en die hoogste diersoort, 'n soort pre-Darwinistiese “verlore skakel”.

Wetenskaplikes het ook toenemend in haar begin belangstel. Haar vergrote geslagsdele was die groot bron van verwondering, maar sy het geweier om haar aan wetenskaplikes te ontbloot. Selfs toe sy geld aangebied was, het sy nog steeds geweier.

In 1816 het sy as 'n verarmde, drankverslaafde prostituut dakloos en alleen in Parys gesterf, ver weg van haar mense in Suid-Afrika. Met haar dood het sy toe reeds 'n bron van groteske stereotipes oor ras en Afrika-seksualiteit geword.

Selfs toe sy reeds dood was, het die wetenskaplikes voortgeploeter om haar te verneder — natuurlik alles in die naam van die wetenskap. Haar geraamte, brein en geslagsdele is in 'n wasafgietsel omskep en bewaar. Dit is tot in 1985 saam met haar skelet in die Museum van die Mensdom in Parys uitgestal.

In Februarie vanjaar het die Franse senaat besluit om Saartjie se oorskot na Suid-Afrika te bring, om hier tussen haar mense begrawe te word. Khoisan-aktiviste in Suid-Afrika was verheug en beplan 'n geestelike plegtigheid en herbegrafnis.

Onder die aktiviste is die Kaapse digter-aktivis, Diana Ferrus, wat in 1998 tydens haar studieverblyf in Nederland 'n hartroerende gedig (lees dit hier onder) vir Saartjie geskryf het. Die gedig (*To Sarah Baartman*), wat sy oorspronklik in Engels geskryf het, het sy vir die eerste keer ook in Afrikaans geskryf.

Dit is reeds hierdie gedig wat tydens die debat in die Franse senaat oor Saartjie se “vrylating” voorgelees was deur sen Nicola About.

Alhoewel Khoisan-aktivistiese deur die bank jubel en juig oor die koms van Saartjie, lyk dit op die oog af of daar onderlinge verskille is wat die laken van eenheid gou-gou kan afruk. Sommiges meen sy moet in die Tuine in Kaap begrawe word, en dan is daar diegene wat meen sy moet in die Gamtoosvallei ter ruste gelê word.

Maar hoe nou? Gaan ons ook, soos die wetenskaplikes, Saartjie se lewe selfs na haar dood versuur? Die voorstanders van Gamtoosvallei het na my mening 'n sterk standpunt, want Saartjie is, *after all*, 'n Oos-Kapenaar.

Maar kom ons wees verstandig en los nou die Oos-Kaap-ding uit, en kyk liever na die groter prentjie. 'n Man soos dr Willa Boezak, hoofraadslid van die Cochokwa Kultuurraad van die Khoisan, meen byvoorbeeld dat Saartjie in die Tuine in Kaapstad begrawe moet word omdat sy “'n nasionale simbool van eenheid is”.

Inderdaad, sy is, en daarom stem ek saam dat sy daar begrawe moet word. Mense moet die kleinlikheid en die provinsialisme los. Ek is ook 'n Oos-Kapenaar, maar ek gun haar vir die Wes-Kaap omdat sy daar 'n groter doel — versoening en eenheid — gaan dien.

Saartjie se terugkeer na haar geboorteland laat val die aandag opnuut op versoening en eenheid tussen alle Suid-Afrikanners. Saartjie was destyds 'n slagoffer van kolonialisme wat ook bygedra het tot die totstandkoming van apartheid. Maar sedertdien het die politieke landskap in ons land drasties verander. Daarom moet Saartjie se verwagte koms deur alle Suid-Afrikanners aangegryp word, om oor verskille te praat en gemeenskaplike doelwitte te soek om Suid-Afrika soos nog nooit vantevore nie te versoen.

Miskien moet ouers ook 'n les uit Saartjie se koms leer, naamlik om hul kinders te leer om andere te respekteer ongeag ras, kleur, geslag, etnisiteit of nasionaliteit. Want ek moet toegee, deur vir Saartjie destyds te lag was alles behalwe respek. 'n Mens se menswaardigheid lê nie daarin om wit te wees of om aan die ANC te behoort nie, maar dit lê daarin om jousef as geskape na die beeld van God te aanvaar.

Hier is die gedig, deur **Diana Ferrus**, in Engels en op bladsy 5 die Afrikaanse weergawe vir die leerlinge.

Bron: LITnet

“A Poem For Sarah Baartman”

“I’ve come to take you home –home, remember the veld?”

the lush green grass beneath the big oak trees

the air is cool there and the sun does not burn.

I have made your bed at the foot of the hill,
your blankets are covered in buchu and mint,
the proteas stand in yellow and white
and the water in the stream chuckle sing-songs
as it hobbles along over little stones.

I have come to wretch you away –
away from the poking eyes
of the man-made monster
who lives in the dark
with his clutches of imperialism
who dissects your body bit by bit
who likens your soul to that of Satan
and declares himself the ultimate god!

I have come to soothe your heavy heart
I offer my bosom to your weary soul
I will cover your face with the palms of my hands
I will run my lips over lines in your neck
I will feast my eyes on the beauty of you
and I will sing for you
for I have come to bring you peace.

I have come to take you home
where the ancient mountains shout your name.
I have made your bed at the foot of the hill,
your blankets are covered in buchu and mint,
the proteas stand in yellow and white –
I have come to take you home
where I will sing for you
for you have brought me peace.”

Vir Sarah Baartman – Diana Ferrus

1 Ek is hier om jou huis toe te neem, huis toe –
2 onthou jy die vlaktes,
3 die welige groen gras onder die groot eikeboom,
4 die lawende koeltes en die son wat nie steek?
5 Ek het jou bed berei teen die voet van die berg,
6 jou komberse uitgedos met boegoe en kruisement.
7 Daar waar die proteas pronk in geel en wit,
8 daar sing die rivier 'n verwelkomingslied!

9 Ek is hier om jou weg te skeur,
10 weg van die snydende oë van die rassitiese monster
11 wat wegkruip in die donker met sy kloue van haat,
12 wat jou liggaam versnipper, stukkie vir stukkie,
13 jou siel vergelyk met dié van satan
14 en syne vergelyk met dié van God!

15 Ek is hier om jou te troos,
16 jou moeë hart teen my bors vas te hou,
17 die palms van my hande oor jou wange te vou
18 die lyne in jou nek met my lippe te streef
19 en jou ewige skoonheid in my oë te onthou.
20 Ek is hier om vir jou te sing
21 want ek het vir jou vrede gebring.

22 Ek is hier om jou huis toe te neem,
23 daar waar die oeroue berge jou naam uitroep!
24 Ek het jou bed berei teen die voet van die berg,
25 jou komberse uitgedos met boegoe en kruisement.
26 Daar waar die proteas pronk in geel en wit,
27 daar sing die rivier 'n verwelkomingslied.

28 Ek is hier om jou huis toe te neem
29 waar ek vir jou sal sing
30 want jy het ook vrede
31 vir my gebring.



VRAE:

1. Waarom word die woorde "Ek is hier om jou . . ." aan die begin van elke strofe herhaal? Sê dus wat die funksie van die herhaling is. (2)
2. Skryf die voorbeeld van alliterasie neer uit versreël 3. (1)
3. Wat is die doel van die vraagteken aan die einde van die sin in versreël 4? (1)

4. 'Ek is hier om jou weg te skeur'
4.1 Waarvandaan moet die spreker haar wegskeur? (1)
5. Wat is die doel van die uitroepteken in versreël 8? (1)
6. Waarvan wil die spreker Sara Baartman verlos deur haar huis toe te bring?
(strofe 2) (1)
7. Waar is die 'huis' waarheen die spreker haar wil neem? Haal 'n frase uit die tweede laaste strofe aan. (1)
8. Watter kontras vind ons in versreël 13 en 14. (1)
9. Wat is die verskil tussen hoe die spreker Sarah Baartman sien en hoe 'die snydende oë' haar gesien het? (2)
10. Haal een voorbeeld van **personifikasie** uit die tweede laaste strofe aan. (1)
11. Kies die korrekte antwoord en skryf die vraagnommer en die letter neer.
- Waarna verwys die "bed" in versreël 5?
- A huis
 - B graf
 - C slaapplek
 - D boom
- (1)
12. Verduidelik die teenstelling tussen strofe 2 en 3. (2)
13. Waarom is "Ek het jou bed berei" en "proteas pronk" is 'n meer geslaagde keuse as "Ek het jou bed gemaak" en "proteas spog"? (1)
14. Kies die regte antwoord.
- Die gedig het geen vaste rympatroon nie. So 'n gedig is 'n...
- A onvoltooide gedig
 - B vrye vers
 - C ontrymde gedig
 - D vaste vers
- (1)
15. Wie is die persoon wat hulde bring aan Sara Baartman? (1)
16. Watter vernedering moes Sara Baartman beleef? (1)
17. Watter lewensles leer ons uit die gedig? (1)

ANTWOORDE:

1. “Ek is hier....” Herhaling beklemtoon die teenwoordigheid van die “ek” spreker wat sy laaste eer wil betoon aan die geliefde “Sara”. (1)
2. *die welige **g**roen **g**ras onder die **g**root eikeboom*
herhaling van die “g” = alliterasie (1)
3. Die spreker is in gesprek met die ontslapene – retoriese vraag waarop die ontslapene nie kan antwoord nie. Hy vra aan haar die vraag en dit wil voorkom of hy wil weet of die plek wat gekies is, reg is. (1)
4. Van haar stryd van mense wat rassisties was en haar aangestaar het as gevolg van haar voorkoms. (1)
5. Beklemtoning van vrolikheid – rivier wat verwelkomingslied sing. (1)
6. van die snydende oë van die rassistiese monster. (1)
7. “teen die voet van die berg” (1)
8. Die onskuldige Sara se siel word vergelyk met satan, terwyl die skuldige rassiste se siel vergelyk met die van God. (1)
9. Die spreker onthou haar skoonheid terwyl die ‘snydende oë’ haar sien as satan. (1)
10. “daar sing die rivier ’n verwelkomingslied” (1)
11. B. graf (1)
12. In strofe 2 word vertel van die onmenslike behandeling van Sara – hoe sy bespot is en haar liggaam gedissekteer is. In strofe 3 word Sara vertroos en haar skoonheid besing. Strofe 2 = boosheid van die men swat wil verneder en homself beter as ander beskou; strofe 3 = edelheid van die men swat wil vertroos en eer betoon. (2)
13. “bed” en “berei” allitereer, asook “prteas” en pronk”, wat musikaliteit aan die woord verleen. (1)
14. B.-vrye vers (1)
15. Ek spreker/ iemand wat haar assosieer met Sara se swaarkry / Kan die digter wees. (1)
16. Haar liggaam is ten aanskoue van die publiek te toongestel
Sy is verneder deur die publiek. / Sy moes as slavin werk as ‘n prostituee. / Selfs na haar dood is haar liggaamsdele (sonder haar toestemming gedissekteer) (1)
17. Om nie te oordeel nie. God het die mens geskape. Maak nie saak hoe ons liggaam lyk nie – God het ons almal lief. Maak nie saak watter kleur ons is , of hoe ons liggaam gebou is nie ons is geskape deur God. (1)